*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 119] CAPE TOWN, 7 MAY 1975 / KAAPSTAD, 7 MEI 1975 [No. 4698

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 928. 7 May 1975.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 35 of 1975: Explosives Amendment Act, 1975.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 928. 7 Mei 1975

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 35 van 1975: Wysigingswet op Ontplofbare Stowwe, 1975.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Explosives Act, 1956, so as to empower the Secretary for Commerce to designate an officer in his Department to exercise the powers conferred on him in terms of section 2 (5); to empower the chief inspector of explosives to prescribe conditions in respect of permissions granted by him under section 4 (1A); and to alter the requirements regarding the use of explosives manufactured under such permissions; to repeal sections 12 to 16 inclusive, and sections 18 to 21 inclusive; to provide for the licensing by the chief inspector of explosives of factories for the manufacture, and magazines for the storage, of explosives; to make further provision regarding the making of regulations; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 30 *April* 1975.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 26 of 1956.

**1.** Section 1 of the Explosives Act, 1956 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "factory licence" of the following definition:

" 'factory licence' means any licence valid under the provisions of section 11 or any licence issued under section 22 (1) (*a*) in respect of a factory for the manufacture of explosives;".

Amendment of section 2 of Act 26 of 1956, as amended by section 1 of Act 20 of 1965.

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The Secretary for Commerce or an officer in his Department designated by him, may depute other persons to act as inspectors in certain localities and for certain purposes, and in so far as any such person is authorized so to act, he shall have the same powers and be subject to the same duties as are conferred and imposed upon inspectors by this Act and the regulations, but he shall have no jurisdiction to try any persons for breaches of regulations or special rules.".

Amendment of section 4 of Act 26 of 1956, as amended by section 2 of Act 21 of 1963 and section 1 of Act 12 of 1967.

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (1A) of the following paragraph:

"(*a*) The chief inspector of explosives may grant permission, subject to the conditions prescribed by him in writing, to any person applying therefor in writing, to manu-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot wysiging van die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956, ten einde die Sekretaris van Handel te magtig om 'n beampte in sy Departement aan te wys om die bevoegdhede wat ingevolge artikel 2 (5) aan hom verleen word, uit te oefen; die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe te magtig om voorwaardes voor te skryf ten opsigte van vergunnings deur hom kragtens artikel 4 (1A) verleen; en die vereistes betreffende die gebruik van ontplofbare stowwe ingevolge sodanige vergunnings vervaardig, te verander; om artikels 12 tot en met 16, en artikels 18 tot en met 21 te herroep; om voorsiening te maak vir die lisensiëring deur die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe van fabrieke vir die vervaardiging, en magasyne vir die opberging, van ontplofbare stowwe; om verdere voorsiening te maak in verband met die uitvaardiging van regulasies; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 30 *April* 1975.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Artikel 1 van die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van „fabriekslisensie" deur die volgende omskrywing te vervang: Wysiging van artikel 1 van Wet 26 van 1956.

„ ,fabriekslisensie' 'n lisensie wat geldig is kragtens die bepalings van artikel 11 of 'n lisensie wat ingevolge artikel 22 (1) (*a*) uitgereik is ten opsigte van 'n fabriek vir die vervaardiging van ontplofbare stowwe;".

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 2 van Wet 26 van 1956, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 20 van 1965.

„(5) Die Sekretaris van Handel of 'n beampte in sy Departement deur hom aangewys, kan ander persone magtig om in sekere plekke en vir sekere doeleindes as inspekteurs op te tree, en in soverre so 'n persoon gemagtig is om as sodanig op te tree, besit hy dieselfde magte en is hy onderhewig aan dieselfde verpligtinge as wat kragtens hierdie Wet en die regulasies aan inspekteurs toegeken en opgelê word, maar hy is nie regsbevoeg om iemand weens oortredings van regulasies of spesiale reëls te verhoor nie.".

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*a*) van subartikel (1A) deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 4 van Wet 26 van 1956, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 21 van 1963 en artikel 1 van Wet 12 van 1967.

„(*a*) Die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe kan aan iemand wat daarom skriftelik aansoek doen, vergunning verleen, onderworpe aan die voorwaardes wat hy skriftelik voorskryf, om deur ammoniumnitraat

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



facture, at a place approved by the said chief inspector which is not in an explosives factory, by adding ammonium nitrate to or mixing it with non-explosive component parts, so approved, of an authorized explosive so approved, blasting material which is a so approved authorized explosive, for use at a blasting-place mentioned in the application.".

Repeal of sections 12, 13, 14, 15, 16, 18, 19, 20 and 21 of Act 26 of 1956.

**4.** Sections 12 to 16 inclusive, and sections 18 to 21 inclusive of the principal Act are hereby repealed.

Substitution of section 22 of Act 26 of 1956, as amended by section 11 of Act 21 of 1963.

**5.** (1) The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Act:

"Licensing of factories for the manufacture of explosives and magazines for the storage thereof.

**22.** (1) (*a*) Any person who desires to erect or carry on a factory for the manufacture or a magazine for the storage of explosives, shall make application for a licence therefor to the chief inspector of explosives, who may issue such a licence subject to the observance of the regulations and after consultation with the local authority, if any, and upon such other conditions as he may think fit to attach to the licence, or refuse to issue such a licence if in his opinion the applicant is not a suitable person to hold the licence in question.

(*b*) An applicant whose application for a licence is refused by the chief inspector of explosives in terms of paragraph (*a*) may appeal to the Minister.

(2) Any person who contravenes any condition of a licence issued under this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R600 or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

(3) Any licence issued under this section or the conditions thereof may upon application be amended by the chief inspector of explosives, provided he is satisfied that the safety of the public or of any person employed in or at the factory or magazine in question will not be thereby diminished.

(4) Any such licence may be transferred into the name of another, provided four weeks' notice in writing of the desire to transfer is sent to the chief inspector of explosives, who shall not refuse such a transfer, except upon the ground that the proposed transferee is not a suitable person to hold the licence in question.

(5) Whenever the chief inspector of explosives refuses the transfer of a licence in terms of sub-section (4), the holder of the licence or the proposed transferee may appeal to the Minister.

(6) Any licence issued under this section shall expire on a date prescribed by regulation and shall become void if the factory or magazine in question is used for any purpose not provided for in the licence.

(7) (*a*) The chief inspector of explosives may revoke any licence issued under this section if he is satisfied that the holder thereof is no longer a suitable person to hold the licence in question.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



te voeg by of te meng met deur gemelde hoofinspekteur goedgekeurde nie-ontplofbare bestanddele van 'n aldus goedgekeurde gemagtigde ontplofbare stof, 'n springstof wat 'n aldus goedgekeurde gemagtigde ontplofbare stof is, op 'n aldus goedgekeurde plek wat nie in 'n fabriek van ontplofbare stowwe is nie, te vervaardig vir gebruik by 'n in die aansoek vermelde skietplek.".

Herroeping van artikels 12, 13, 14, 15, 16, 18, 19, 20 en 21 van Wet 26 van 1956.

**4.** Artikels 12 tot en met 16 en artikels 18 tot en met 21 van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 22 van Wet 26 van 1956, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 21 van 1963.

**5.** (1) Artikel 22 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Lisensiëring van fabrieke vir die vervaardiging van ontplofbare stowwe en magasyne vir die opberging daarvan.

**22.** (1) (*a*) Iemand wat 'n fabriek vir die vervaardiging of 'n magasyn vir die opberging van ontplofbare stowwe wil oprig of instandhou, moet aansoek doen om 'n lisensie daarvoor by die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe, wat bedoelde lisensie kan uitreik onderhewig aan die nakoming van die regulasies en na beraadslaging met die plaaslike bestuur, indien daar een is, en op die ander voorwaardes wat hy nodig ag om aan die lisensie toe te voeg, of kan weier om bedoelde lisensie uit te reik indien die applikant syns insiens nie 'n geskikte persoon is om die betrokke lisensie te hou nie.

(*b*) 'n Applikant wie se aansoek om 'n lisensie ingevolge paragraaf (*a*) deur die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe geweier word, kan appèl by die Minister aanteken.

(2) Iemand wat 'n voorwaarde van 'n lisensie kragtens hierdie artikel uitgereik, oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R600 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 2 jaar, of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(3) 'n Lisensie kragtens hierdie artikel uitgereik of die voorwaardes daarvan kan op aanvraag deur die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe gewysig word mits hy oortuig is dat die veiligheid van die publiek of iemand in diens in of by die betrokke fabriek of magasyn nie daardeur verminder sal word nie.

(4) So 'n lisensie kan op naam van iemand anders oorgedra word, mits skriftelike kennisgewing van vier weke van die voorneme van oordrag aan die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe gestuur word, wat bedoelde oordrag nie weier nie, behalwe op grond daarvan dat die voorgestelde oordragnemer nie 'n geskikte persoon is om die betrokke lisensie te hou nie.

(5) Wanneer die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe die oordrag van 'n lisensie kragtens subartikel (4) weier, kan die houer van die lisensie of die voorgestelde oordragnemer appèl by die Minister aanteken.

(6) 'n Kragtens hierdie artikel uitgereikte lisensie verval op 'n datum by regulasie voorgeskryf, en word nietig indien die betrokke fabriek of magasyn vir 'n doel wat nie in die lisensie vermeld word nie, gebruik word.

(7) (*a*) Die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe kan 'n kragtens hierdie artikel uitgereikte lisensie intrek indien hy oortuig is dat die houer daarvan nie meer 'n geskikte persoon is om die betrokke lisensie te hou nie.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) The holder of a licence revoked under paragraph (*a*), may appeal to the Minister.

(8) The fees prescribed by regulation shall be payable for any licence issued under this section.

(9) A fee as prescribed by regulation shall be payable on every occasion that a licence is amended or transferred under this section.

(10) The chief inspector of explosives may delegate any power or duty conferred or imposed upon him under this section in respect of magazines, to any inspector of explosives or any person deputed to act as an inspector under section 2.".

(2) Any licence held immediately prior to the commencement of this Act in respect of a factory for the manufacture, or a magazine for the storage, of explosives, shall be deemed to be a licence issued by the chief inspector of explosives under section 22 of the principal Act, as substituted by this Act.

Amendment of section 30 of Act 26 of 1956, as amended by section 16 of Act 21 of 1963.

**6.** Section 30 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*h*)*bis* of subsection (1) of the following paragraph:

"(*h*)*bis* the fees payable in respect of a licence issued under section 7 or 22, and the period for which any such licence shall be valid;";

(*b*) by the substitution for paragraph (*h*)*quat* of the said subsection of the following paragraph:

"(*h*)*quat* the fees payable in respect of any amendment or transfer of a licence issued under section 22;";

(*c*) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Different regulations may be made in respect of different provinces, districts, or areas in the Republic, or in respect of different categories of licences."; and

(*d*) by the addition of the following subsection:

"(5) Any regulation regarding the payment of fees, shall be made in consultation with the Minister of Finance.".

Short title.

**7.** This Act shall be called the Explosives Amendment Act, 1975.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) Die houer van 'n lisensie wat kragtens paragraaf (*a*) ingetrek is, kan appèl by die Minister aanteken.

(8) Die by regulasie voorgeskrewe gelde is betaalbaar vir 'n lisensie kragtens hierdie artikel uitgereik.

(9) Gelde soos by regulasie voorgeskryf, is betaalbaar by iedere geleentheid waarby 'n lisensie kragtens hierdie artikel gewysig of oorgedra word.

(10) Die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe kan enige bevoegdheid of plig wat kragtens hierdie artikel met betrekking tot magasyne aan hom verleen of opgelê word, aan 'n inspekteur van ontplofbare stowwe of 'n persoon wat kragtens artikel 2 gemagtig is om as 'n inspekteur op te tree, oordra.".

(2) 'n Lisensie wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ten opsigte van 'n fabriek vir die vervaardiging, of 'n magasyn vir die opberging, van ontplofbare stowwe gehou is, word geag 'n lisensie te wees wat deur die hoofinspekteur van ontplofbare stowwe ingevolge artikel 22 van die Hoofwet, soos by hierdie Wet vervang, uitgereik is.

Wysiging van artikel 30 van Wet 26 van 1956, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 21 van 1963.

**6.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*h*)*bis* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*h*)*bis* die gelde betaalbaar ten opsigte van 'n lisensie kragtens artikel 7 of 22 uitgereik, en die tydperk waarvoor so 'n lisensie geldig is;";

(*b*) deur paragraaf (*h*)*quat* van gemelde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*h*)*quat* die gelde betaalbaar ten opsigte van 'n wysiging of oordrag van 'n lisensie ingevolge artikel 22 uitgereik;";

(*c*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Verskillende regulasies kan met betrekking tot verskillende provinsies, distrikte of gebiede in die Republiek, of met betrekking tot verskillende kategorieë lisensies, uitgevaardig word."; en

(*d*) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(5) 'n Regulasie betreffende die betaling van gelde word in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig.".

**Kort titel.**

**7.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Ontplofbare Stowwe, 1975.